KONSITUSIE VAN DIE UILENKRAALSMOND KAMP VERENIGING 2005

1. NAAM

Die naam van die Vereniging is:
UILENKRAALSMOND KAMPVERENIGING hierna
"DIE VERENIGING" genoem.

2. WOORDOMSKRYWING

In hierdie kositusie, tensy uit die samehang blyk, die woordomskrywing dieselfde was soos in enige erkende woorddeboek omskryf word.

3. STATUS VAN DIE VERENIGING

Die Vereniging

3.1 Bestaan onafhanklik van sy lede en word geag as 'n regspersoon
3.2 Word geag as die enigste vereniging te Uilenkraalsmond wat die semi-permanente huurders (hierna "die inwoners" genoem) se belange beskerm.
3.3 Bestaan nieteenstaande verandering van sy lede en bestuurslede.
3.4 Is 'n nie-politieke organisaie en geniet erkening van die Overberg Distriksmunisipaliteit (hierna die "Die Owerheid" genoem) as spreekbuis vir die inwoners te Uilenkraalsmond.
3.5 Het die vermoë om regsgedinge in te stel en teen te staan.
3.6 Het die vermoë om eiendom te beist en in sy naam te registreer. Geen van sy lede in hul persoonlike hoedanigheid sal enige reg, titel of belang tot die eiendom, fondse of bates van die Vereniging hê nie.
3.7 Kan ook tuinwerkers asook werkers vir instandhouding en 'n persoon in 'n raadgewende hoedanigheid aanstel en uit fondse wat vir hierdie doel begroot word of ingesamel is, betaal word.
3.8 Is verantwoordelik vir die opstel van 'n Boubeleid wat in Uilenkraalsmond sal geld nadat dit deur die Owerheid goedgekeur is.
3.9 Kan ook wysigings in die Owerheid se huurkontrak met inwoners en kampreëls aan die Owerheid voorlê vir goedkeuring.

4. DOELSTELLING

Die Vereniging stel hom te doel om:
4.1 Alle persone en instansies wat belange in Uilenkraalsmond het saam te snoer en hul belange te beskerm.
4.2 Die besondere karakter van Uilenkraalsmond en omgewing te beskerm en uit te bou tot voordeel van alle belanghebbende partye.
4.3 Volhoubare ontwikkeling van die Oord en omgewing na te streef deur samewerking met die betrokke Owerheid en Kampbestuur, veral ten opsigte van die beplanningsfunksie, eienaarskap en finasiële beplanning.
4.4 'n Aktiewe belangstelling in alle fasette van die Owerheid, in sovere dit op Uilenkraalsmond betrekking het, asook in die bestuursaangeleenthede van die Oord, by die inwoners van Uilenkraalsmond aan te wakker.
4.5 Die regmatige belange van alle inwoners van Uilenkraalsmond te beskerm en te bevorder.

5. LIDMAATSKAP

5.1 Enige persoon wat
(a) die doelstelling soos vervat in die grond van die Vereniging onderskryf.
(b) As Inwoner van Uilenkraalsmond by die Owerheid in beheer geregistreer is en bewys kan lewer dat hy gereeld sy ledegeld van die Vereniging betaal (Sowel as die gade van sodanige inwoner), is hy lid van die Vereniging.

5.2 Beëindiging van lidmaatskap
(a) Lidmaatskap word outomaties beëindig sodra 'n lid afstand doen van sy belange op Uilenkraalsmond.
(b) Indien 'n lid strydig is met die belange van die Konsitusie of Boubeleid handel, sy lidmaatskap deur die Owerheid op versoek vandie Vereniging beëindig word sonder om redes as sulke te verstrek.
(c) Indien enige lid of 'n persoon wat van die lid se eiendom op Uilenkraalsmond gebruik maak, ook in die afwesigheid van die betrokke inwoner, skuldig bevind word aan growwe of onbehoorlike gedrag, mag die Vereniging besluit om sodanige lid se lidmaatskap op te hef met verstrekking van redes en om aan te beveel by die Owerheid in beheer om gepaste tugstappe teen die betrokke inwoner te neem.
(d) 'n Lid wie se ledegeld nie by die bepaalde datum betaal is nie, se lidmaatskapsvoordele (stemregte) word outomaties opgeskort tot tyd en wyl sy ledegelde ten volle betaal is.

6. LEDEGELDE

6.1 Ledegelde word van tyd tot tyd deur die Vereniging bepaal en verhaal.
6.2 Ledegelde is jaarliks vooruitbetaalbaar voor of op datum van die jaarlikse Algemene Vergadering.

7. ORGANISASIE STRUKTUUR

7.1 Wyksverteenwoordigers – Uilenkraalsmond is in wyke verdeel.

(a) Vir elkeen van die wyke word daar twee verteenwoordigers op die Vereniging tydens die Algemene Vergadering verkies. Hierdie verkose lede sal as die bestuurskomitee bekend staan.
(b) Wyksverteenwoordigers moet lede van die Vereniging wees en moet 'n inwoner woonagtig in die betrokke wyke wat hulle verteenwoordig, wees.
(c) Die volgende kategorieë van lede is nie verkiesbaar as wyksverteenwoordigers nie, naamlik:
    (i) Raadslede van die betrokkke Owerheid
    (ii) Amptenare / werknemers van die betrokke Owerheid
    (iii) Gereelde konsultante, kontrakteurs en persone in 'n vaste besigheidsverhouding met die betrokke Owerheid.

7.2 Die wyksverteenwoordigers word vir 'n tydperk van twee jaar verkies. Elke wyk sal twee verteenwoordigers hê. Een lid tree jaarliks op 'n

rotasiebasis uit. Uittredende lede is herkiesbaar op dieselfde Algemene Vergadering.

(a) Indien daar 'n vakature in 'n wyk ontstaan kan die bestuurskomitee 'n inwoner uit die betrokke wyk aanwys om die vakature te vul. Sodanige lid sal dieselfde status hê as 'n vekose lid op 'n Algemene Vergadering.
(b) Die bestuurskomitee kan ook enige inwoner as gevolg van sy vaardigheid as komitee lid koöpteer. Sodanige lid sal diselfde status as 'n verkose lid hê en oor dieselfde regte beskik as die van 'n verkose lid.

7.3 Kampkomitee

(a) Die algemene bestuur van sake rakende die Vereniging berus by die Kampkomitee.
(b) Die verkose wyksverteenwoordigers van al die wyke plus gekoöpteerde lede vorm saam die Kampkomitee.
(c) Die verkose lede verteenwoordig by 'n vergadering vorm 'n kworum by vergaderings van die Kampkomitee.
(d) Lede van die Vereniging sal as obserweerdes by die vergaderings van die kampkomitee toegelaat word.

7.4 Dagbestuur

(a) Die Kampvereniging kies uit eie geledere 'n Voorsitter, Onder-Voorsitter, Sekretaris en Tesorier en een addisionele lid. Laasgenoemde sal as hulp-sekretaris optree. Hierdie lede sal as die Dagbestuur bekend staan.
(b) Die Dagbestuur sal die administratiewe en finansiële bestuur van die Vereniging hanteer en in spoedeisende gevalle besluite wat normaalweg deur die Kampkomitee geneem word, neem en sake afhandel met dien verstande dat die Dagbestuur by die eersvolgende vergadering van die Kampkomitee sy optrede sal raporteer en motiveer.
(c) Dit is ook die verantwoordelikheid van die Dagbestuur om op 'n gereelde grondslag nooi om Kampkomitee se vergadering by te woon.

7.5 Sub-komitee

(a) Die Kampkomitee mag na goeddunke sub-komitees aanwys met die verantwoordelikheid om spesifieke projekte te ondersoek, te beplan en uit te voer of om aanbevelings aangaande die bepaalde aangeleenthede te moniteer en aan die Kampkomitee skriftelik voor te lê vir verdere oorwegings.
(b) Die samestelling van elke sub-komitee, moet ten minste uit twee verkwose lede uit verskillende wyke wees en een van hulle sal as sameroeper optree. Die samestelling van hierdie sub-komitee word na goeddunke deur die Kampkomitee bepaal.
(c) Enige persoon wat 'n inwoner op Uilenkraalsmond is, kan op grond van sy bepaalde kennis van die betrokke aangeleenthede gekoöpteer

word om op 'n sub-komitee te doen. Die sub-komitee beskik oor geen besluitnemingsbevoegdhede nie.

(d) Die verantwoordelikheid van die sub-komitee is hoofsaaklik om inligting in te samel, ondersoeke uit te voer en take te vervul wat deur die Kampkomitee aan hulle oorgedra word.

(e) Die sameroeper van elke sub-komitee sal tydens elke Kampkomitee vergadering verslag lewer aangaande vordering van sy ondersoek.

8. VERGADERINGS

8.1 Die Kampkomitee

(a) Die Kampkomitee besluit self oor sy aantal vergaderings en op watter datum dit moet plaasvind.

(b) Die verkose lede van die Vereniging vergader onmiddellik na afloop van die Algemene Jaarvergadering om die Dagbestuur aan te wys.

(c) 'n Bestuurslid wat drie keer sonder aanvaarbare redes afwesig van vergaderings van die Kampkomitee is, kan sy lidmaatskap van die Kampkomitee verloor maar moet eers skriftelik daarvan verwittig word.

(d) Die Sekretaris van die Vereniging of Kampkomitee sal alle besluite by elke vergadering behoorlik notuleer en in 'n notuleboek hou. Die notule van elke vergadering sal by die daaropvolgende vergadering van betrokke Vereniging of Kampkomitee vir goedkeuring voorgelê word.

(e) Kennisgewing van vergadering moet minstens twee weke voor die datum van die vergadering gegee word en moet vergesel wees van die agenda en 'n kopie van die vorige notule se vergadering. Kennisgewing kan skrifelik of elektronies geskied.

8.2 Algemene Jaarsvergadering

(a) 'n Jaarlikse Algemene Vergadering sal gehou word so na as moontlik aan die einde van Desember elke jaar.

(b) Die Dagbestuur stel die sakelys daarvoor op.

(c) Die notule van die vorige Algemene Vergadering sal voorgelê word vir goedkeuring.

(d) Die Voorsitter lewer verslag oor die werksaamhede van die Kampkomitee sedert die vorige Algemene Vergadering.

(e) Die Tesorier lê 'n finansiële verslag vir afgelope jaar vir goedkeuring aan die Algemene Vergadering voor.

(f) Lede word versoek om sake wat hulle vir die agenda van die Algemene Vergadering wil voorlê minstens twee dae voorafgaande die Algemene Vergadering skriftelik by hul wyksverteenwoordiger moet indien.

8.3 Buitegewone Algemene Vergadering

(a) 'n Buitegewone Algemene Vergadering moet deur die kampkomitee belê word indien minstens twintig lede skriftelik daarom aansoek gedoen het of indien Kampkomitee so 'n besluit sou neem.

(b) Slegs sake waarvoor 'n Buitegewone Algemene Vergadering belê is, mag op sodanige vergadering behandel word.

(c) Indien die Kampkomitee nie na afloop van veertien dae vanaf die datum van indiening van 'n versoek ooreenkomstig Klousule 8.3(a) 'n Buitegewone Algemene Vergadering belê nie, mag die betrokke lede self so 'n vergadering belê. Vir die doel moet daar aan die vereistes van Klousule 8.4(a) voldoen word. In so 'n geval is besluite wat tydens die buitegewone vergadering geneem word bindend en sal die Vereniging en die Kampkomitee verplig wees om hom daarby te berus.

8.4 Algemene Bepalings

(a) By alle Algemene Vergaderings vorm twintig lede 'n kworum.
(b) By afwesigheid van 'n kworum sal die besluite van die aanwesige lede by 'n opvolg vergadering deldig wees mits so 'n vergadering binne dertig sae gehou word.
(c) Alle besluite by 'n Algemene Vergadering word geneem met 'n gewone meerderheid van stemme, behalwe wanneer gestem word oor vergaderings aan die Konsitusie.
(d) Daar word gestem met die opsteek van hande of met stembriewe indien so gereël met die Voorsitter.
(e) By 'n staking van stemme het die Voorsitter naas sy gewone stem, ook 'n belsissende stem.
(f) Vir alle Algemene Vergaderings moet daar minstens twee weke voor die datum van die vergadering kennis gegee word volgens metodes wat na die oordeel van die Kampkomitee die mees geskikte vir die doel sal wees.
(g) Van alle vergaderings wat plaasvind sal daar behoorlik notules gehou word. Die notules moet in 'n notule boke geskryf word of, indien op los blaaie, daarin geplak word. Niks wat in die Notuleboek voorkom sal vertroulik wees nie.

9. BOEKHOUDING

9.1 Die Kampkomitee sal toesin dat alle fondse dat alle fondse van die Vereniging behoorlik geadministreer word en dat daar noukerig boek gehou word van alle geldsake.

9.2 Die fondse sal in die naam van die Vereniging gedeponeer word op sodanige rekeninge en sy sodanige banke en/of ander instansies soos deur die Kampkomitee van tyd tot tyd besluit mag word.

9.3 Vir alle uitbetalings uit die rekenings van die Vereniging word die handtekeninge van enige twee van die volgende persone vereis: Voorsitter, Ondervoorsitter, Tesourier of Sekretaris.

9.4 Die finansiële jaar van die Vereniging strek vanaf 1 Desember to 31 November.

9.5 Aan die einde van elke finansiële jaar sal die Kampkomitee toesien dat 'n finansiële verslag opgestel word en nagesien word deur twee bevoegde persone wat nie die Tesorier sal insluit nie. Sulke bevoegde persone hoef nie lede van die Kampkomitee te wees nie. Die finansiële verslag moet betyds aan die Voorsitter oorhandig word vir voorlegging by die Vergadering.

9.6 Alle uitgawes sowel as skulde aangegaan deur die Kampkomitee sowel as sy lede in die bona fide uitvoering van hul pligte sal beskou word asof deur die Vereniging aangegaan is.

9.7 Die Sekretaris of enige ander komiteelid moet ten volle vergoed word vir alle administrasie uitgawes deur hom aangegaan.

10. WYSIGING VAN DIE KONSITUSIE

10.1 Wysiging aan of byvoegings tot die Konistusie mag alleen deur 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige lede op 'n Algemene Vergadering goedgekeur word.

10.2 Voorstelle ten opsigte van wysiging van die Konsitusie moet duidelik geformuleer en gemotiveer word en ten minste dertig dae voor die verwagte datum van die betrokke Algemene Vergadering aan die Kampkomitee voorgelê word vir aanbevelings.

11. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

11.1 Die bestaan van die Vereniging kan beëindig word deur 'n besluit op die Algemene Vergadering met dien verstande dat 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige lede by die vergadering ten gunste daarvan stem.

11.2 In die geval van sodanige beëindiging sal dit die plig van die Kampkomitee wees om bates van die Vereniging, nadat die laaste betaal is, oor te dra aan 'n ander soortgelyke vereniging wat die inwoners van Uilenkraalsmond op owerheidsvlak sal bevorder.